# GEMEENTEBULLETIN

**11 JUNIE 2021**

## EREDIENSTE: AANLYN EN IN DIE KERK

**Sondag 13 Junie 2021**

100 persone kan die eredienste in die kerkgebou bywoon en 20 persone die diens in die kapel. **Geen besprekings is nodig nie.** Eredienste is ook aanlyn op www.stellenberg.co.za, of die gemeente se YouTube-kanaal beskikbaar.

**Oggenddiens 08:30 in die kerk** | Ds. Marius Breytenbach (Span 3)

**Meditatiewe diens 09:00 in die kapel** | Ds. Philipp Dietmann

**Familiediens 09:30 in die kerk** | Ds. Callie Visagie (Span 7)

**Relevantdiens 18:00 in die kerk** | Ds. Hanno Ackerman

## GEMEENTEFEES 12 TOT 15 AUGUSTUS

Ons vier die gemeente se vyftigste verjaarsdag met die volgende feesgeleenthede:

**Donderdag 12 Augustus om 18:30 vir 19:00 in die kerk**

Kom geniet 'n aand met sop en broodjies vooraf en luister na twee bekende sprekers, Jan-Jan Joubert, skrywer en politieke joernalis, asook na Louis Awerbuck, kliniese sielkundige. Hulle gaan beide vanuit verskillende kontekste en perspektiewe die tema, Ek staan weer regop, bespreek. Kaartjies @ R50 is te koop by Karin, kerkkantoor, of bespreek jou plek elektronies deur 'n e-pos na karin@stellenberg.co.za te stuur.

**Vrydagaand 13 Augustus in die kleinsaal en grootsaal om 18:00**

'n Heerlike, gesellige gemeente-ete word saam met die bekende aktrise, Marion Holm aangebied. Sy gaan háár interpretasie van die tema: Ek staan weer regop, aanbied. Bring jou eie drinkgoed saam. Kaartjies beloop R250 per persoon en vir lidmate bo 70 jaar oud R200 per persoon. Koop kaartjies by Karin, kerkkantoor, of bespreek jou plek elektronies deur 'n e-pos na karin@stellenberg.co.za te stuur.

### KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### ASEMSKEP-GEBEDSBYEENKOMS

Elke Dinsdag om 18:00 in die kapel.

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### DAAGLIKSE STEMBOODSKAPPE

Indien jy graag na die daaglikse boodskap ('n stemopname deur leraars) op jou selfoon wil luister, stuur asb. 'n WhatsApp, of 'n Telegram-boodskap met jou *naam* + *van* + *stemboodskap* na 081 045 2428.

## OMGEEPAKKIES VIR LEEU-GAMKA

Alhoewel ons uitreike gedurende die Junie-skoolvakansie weens die invloed van Covid-19 gekanselleer is, wil ons steeds vir dié gemeenskappe wys dat die lidmate van Stellenberg-gemeente vir hulle omgee.

Een van ons projekte in Leeu-Gamka is om omgeepakkies by die plaaslike polisiestasie te besorg, om dan aan vroue en meisies wat slagoffers van fisiese of seksuele geweld is, te oorhandig. Konstabel Louise van der Bank is ons kontakpersoon by die polisiestasie.

Met die oog op die verpakking van die omgeepakkies word die volgende items benodig: koekies, proteïenstafies, seep, waslappe, tandeborsels, tandepasta, sanitêre doekies en deodorant.

Daar is ook 'n groot behoefte aan kos vir troeteldiere in dié dorpe en skenkings van honde- of katkos sal ook waardeer word. Bydraes kan by die kerkkantoor afgegee word. Navrae: Marelize Oliver by 083 261 4861.

## BREIGROEPLEDE GEE IN OORVLOED

Oorvloed! Dit is die enigste manier om die 862 serpe, 858 musse en 100 truitjies wat Maandagoggend deur die breigroep aan ds. Why Duvenhage oorhandig is, te beskryf. Die breiers se kosbare handewerk het 'n kleurvolle en pragtige prentjie in die markplein geskets. Ons eer ook in besonder die nagedagtenis van Sonja Lamprecht. Sy is onlangs oorlede, maar haar man, Johan, het haar pragtige gebreide musse ook kom afgee. Groot dank aan elke breier. Julle is werklik 'n inspirasie vir ons almal. Besoek gerus ons Facebookblad om na die pragtige foto's van al die kleurvolle musse en serpe te kyk. Die lekker warm breiwerk sal deur ds. Why Duvenhage in Karoodorpe versprei word. Die breigroeplede ontmoet weer op Maandag 5 Julie om 09:30 in die markplein. Hulle het steeds 'n groot behoefte aan wol en skenkings word baie waardeer.

### STELLENBERG ONDERSTEUNINGSENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel

083 519 0602.

### KYK NA DIE EREDIENS OP JOU SELFOON

WhatsApp, of stuur 'n Telegramboodskap na 081 045 2428 met jou naam + van + aanlyn eredienste. Jy sal dan weekliks die skakel na die aanlyn diens per WhatsApp/Telegram op jou selfoon ontvang.

## HELPERS VIR SOP KOOK BENODIG

Help asseblief met die volgende:

- Kook sop tuis en gee dit in bevrore formaat op Donderdae deur die loop van die dag (voor 15:00 ) by die markplein af.
- Kontantbydraes vir die hande-en-rande-projek is ook welkom en kan na ABSA, tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, oorbetaal word. Gebruik asb. "hande en rande" as verwysing.

Kontak asseblief vir Anéne Nortier 083 581 6930 indien jy kan help.

## MANDELA-WOL

Indien jy graag die gemeente se flukse breiers wil ondersteun, oorweeg gerus om 'n bol Mandela-wol te koop en aan hulle te skenk. Uit die lekker groot, veelkleurige bol wol kan tot drie serpe gebrei word. Die wol is by die meeste wolwinkels beskikbaar.

## ONS VIER 50 JAAR

Ons doen 'n beroep op lidmate wat al lank deel is van die gemeente om ou gemeentefoto's, asook interessante staaltjies met ons te deel. Stuur bydraes asseblief na sanel@stellenberg.co.za.

## VAKATURE KLANK– EN BEELDOPERATEUR

Die geskikte kandidaat moet verskieslik oor toepaslike opleiding asook ervaring in dié veld beskik en sal vir die volgende verantwoordelik wees:

- Behartiging van klank tydens drie eredienste, asook die opnames en "live-stream" van dienste via YouTube.
- Kontrolering en bestuur van 'n inventaris en begroting vir klanktoerusting.
- Instandhouding van klanktoerusting.
- Die opleiding van aflosklankoperateurs.

Die geskikte kandidaat moet bereid wees om op Sondae en Donderdagaande te werk. Vergoeding is onderhandelbaar. Stuur aansoeke voor 21 Junie 2021 aan lindy@stellenberg.co.za. Diensaanvaarding 1 Julie 2021.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 17 Junie om 14:30 in eetsaal

### ONDERSTEUNING AAN MEDEWERKERS

Geloofsofferkoeverte waarin bydraes ter ondersteuning van ons medewerkers geplaas kan word, is in die voorportaal beskikbaar.

Indien jy verkies om jou bydrae aan die medewerkers elektronies te maak, EFT na: Absa, tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik "medewerkers" as verwysing.

## TEKORT AAN EREDIENSWERKERS

Daar is 'n dringende tekort aan eredienswerkers by die familiediens. Ons doen 'n beroep op gesinne wat die diens bywoon om asseblief hulle hulp aan te bied. Jy sal ongeveer een keer per maand 'n diensbeurt ontvang. Kontak Odette by odette@stellenberg.co.za of ds. René Potgieter by rene@stellenberg.co.za.

## BLOMME IN DIE KERK

Indien jy bereid is om een keer per kwartaal verantwoordelikheid te neem vir die voorsiening van blomme in die kerk, kontak asseblief vir Odette by 021 976 4519/odette@stellenberg.co.za. Daar is geen voorskrifte nie. Jy kan jou kreatiwiteit vrye teuels gee.

## ANNIBRAND JUNIOR

Annibrand Junior-groepe kom vanaf 10:15 tot 11:00 bymekaar. Graad 1-3 ontmoet in die kleinsaal en graad 4-6 in die grootsaal,

## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van Coenraad Frederik Nicolaas (Conrie) Koegelenberg (04/07/1940-9/06/2021). Hy was sedert 1974 'n lidmaat van die gemeente en ook 'n inwoner van Edelweiss. Ons opregte meegevoel met sy vrou, Minnie, sy dogter, Sanel, ook 'n lidmaat van die gemeente asook sy seun, Coenie en kleinkinders wat hy agterlaat. Begrafnisreëlings is nog nie bekend nie.

## FINANSIËLE BYDRAES

Leraars en die kerkraad is opreg dankbaar teenoor lidmate wat die gemeente se werksaamhede finansieel ondersteun, te midde van die finansiële uitdagings wat die Covid-19-pandemie ook aan lidmate stel. Bydraes kan soos volg gemaak word:

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

### SnapScan

### GEMEENTE-SELFOON

Die gemeente het nou 'n selfoonnommer 081 045 2428.

Navrae kan per WhatsApp of Telegram-boodskap na dié nommer gestuur word.

### ELEKTRONIESE NUUS

Maak seker dat jy elektroniese nuus van die gemeente ontvang. Jy kan die bulletin, asook die skakel na die aanlyn eredienste weekliks per e-pos ontvang, asook die gemeente se maandelikse nuusblad, *Stellenberger*. Stuur jou e-posadres na sanel@stellenberg.co.za om op die verspreidingslys geplaas te word.